TJOKKIE-brokkies!

Uitgawe: 2/3/2017 **Datum: 3 Aug 2017**

Uit die kantoor:

Oueraand (7 Aug)

Onthou om 'n afspraak by die kantoor te maak indien u die onnies wil kom sien.

Snoepie

Ons nuwe snoepie staan bekend as die Kaalvoetkafee. **Aangeheg vind u 'n algemene skrywe oor die snoepie en hoe die kaarte werk asook 'n aansoekvorm**. Aansoekvorms sowel as die R20 kan vanaf Maandag **7 Aug** by die klasonderwysers inbetaal word. Ons moedig die kaartstelsel aan omrede dit kontant uitskakel. U kan ook die kaart so laai dat u kind net X-aantal geld per week kan spandeer. Die snoepie gaan ook sy eie selfoon en nommer kry wat ons later sal deurgee. Intussen kan u die bestuurder, me Méchelle Meyer se nommer 0609862981 gebruik. Die eposadres is: kaalvoetkafee@gmail.com

Buitelugskool

Ek hoop die Graad 6 leerlinge is uitgerus en skoon na hulle wedervaringe. Gesels gerus met u kind daaroor en indien daar enige vrae of aanbevelings is, kontak ons asb. Deel van die ervaring is om hulle leierseienskappe te identifiseer en ontwikkel wat ons ook weer help met die verkiesing van die prefekte.

Waarnemend

Ek is uitstedig van 4 tot 8 Aug en mnr Neels Gunter, adjunkhoof, neem waar. Skakel hom gerus indien nodig.

BELANGRIKE DATUMS:

3 Aug: Hokkieliga. Sien die ligabepalings wat u ontvang het. Die seuns het 'n loslootjie.

4 Aug: Leerlingraad woon 'n leiersberaad by Sentraal Hoër by. Vir die res van die Gr 7 leerlinge het ons spanbou-aktiwiteite wat deur Young Entrepreneurs aangebied word.

4 - 6 Aug: Die PD-kandidate woon die afrondingsnaweek by wat deur Oord Horison by PBS aangebied word. Reëlings is aan hulle deurgegee.

7 Aug: Dogters tennisliga. Oueraand van 16:00 – 19:00.

9 Aug: Vrouedag – geen skool

VOORTREKKERS

Die inskrywingsvorms vir die Doornkloof Gebiedskamp tydens die September- en Oktobervakansie sal van Maandag af beskikbaar wees.

VAKATURE

Middagstudie toesighouer

Sluitingsdatum: 1 September
Diensaanvaarding: 1 Okt
Werksure: Ma - Vry 13:45 tot 17:15
Verlof: Skoolvakansies
Handig 'n volledige CV in by die kantoor. Onderwysondervinding en of ervaring met kinders sal 'n sterk aanbeveling wees.

Navrae: Skoolhoof by 051 5221371

SKOOLGELD

Die finansiële komitee herinner ouers dat die skoolgeld voor of op die 7e van elke maand betaalbaar is. Ons is tans besig om uitstaande skuld in te vorder. Indien u nie betaal nie of versuim om 'n reëling met die kantoor te maak, loop u die gevaar om oorhandig te word.

MIDDAGSTUDIE

Middagstudiegelde is vooruit betaalbaar vir die kwartaal. Daar is nog talle ouers wat vorige kwartale nie betaal het nie. Briewe in hierdie verband gaan aan ouers gestuur word.

Ouers wie se middagstudie-geld nie teen 15 Augustus op betaal is nie, se kinders sal toegang geweier word. Middagstudie is 'n opsionele diens (geen wetlike vereiste) wat die Beheerliggaam lewer. U geld word gebruik om die toesighouers se salarisse te betaal en indien u nie betaal nie, kan ons nie ons verantwoordelikheid nakom nie.

Bedanking:

Mev Chrisna Swanepoel het na 10 jaar bedank en verlaat ons aan die einde van die kwartaal. Sy het 'n sekretariële pos by 'n ander skool gekry. Hiermee wil ons haar bedank vir haar liefde en lojaliteit waarmee sy die Tjokkies gedien het.

PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com

DISSIPLINE

Die toenemende gebrek aan dissipline in Suid-Afrikaanse skole en die morele verval van die samelewing is geen nuwe nuus nie.
Drie jaar gelede het daar reeds by Tjokkies, net soos by die meeste ander skole, `n klemverskuiwing plaasgevind waar die toepassing van reëls na die beklemtoning van waardes verskuif het. Skoolreëls en roetines bly egter steeds van toepassing en juis daarom het ons die skoolreëls hersien en aangepas vandaar dat Tjokkies net 7 reëls het. Die beklemtoning van ons waardes word veral tydens saalbyeenkomste, in die klaskamer en op die skoolterrein gemotiveer d.m.v. sekere fokuspunte en gereelde bewusmaking. Skole het egter die hulp van ouers nodig om hulle hierin te ondersteun.

Volgens `n artikel in die SA Educational Journal (2006) skryf Juliat Rens van die Fakulteit Opvoedkundige Wetenskap aan die Noordwes Universiteit dat `n opname onder skole in die Potchefstroomdistrik toon dat selfwaarde soos selfdissipline, goeie maniere, selfbeheersing, volwassenheid en selfverantwoordelikheid die vernaamste rol speel in die gehoorsaming van klasreëls.

By Tjokkies streef ons ook daarna, maar in sommige gevalle is daar steeds leerders wat sukkel om hierby aan te pas. Die skool en Beheerliggaam gaan uit hul pad om klasgroottes tot `n minimum te beperk sodat daar kwaliteit onderrigtyd kan plaasvind. Belhamels wat egter die klasse ontwrig ontneem die res van die klas van goeie onderrig.

Skuldiges moet en gaan aangespreek word. Daarom is besluit om weer soos verlede jaar `n dissiplineweek te hou. Daar sal afsonderlik met seuns en dogters gewerk word asook in graadverband aangesien daar verskillende probleme by hierdie groepe ondervind word. Ons wil die leerders weer opnuut bewus maak van ons waardes asook wat die skool en mede leerders van hulle verwag.

Tjokkies is `n puik skool en almal is trots om met hierdie skool geassosieer te word. Ons vra u as ouers se ondersteuning om ook tuis met u kind daaroor te gesels sodat leerders op alle terreine kan strewe na uitnemendheid en persoonlike ontwikkeling.

Program:

Maandag 7 Augustus:	Hare/klere inspeksie tydens saalperiode Dissiplinegesprek seuns en dogters afsonderlik
Dinsdag 8 Augustus:	Groepsgesprek - Gr4,5 afsonderlik
Donderdag 10 Augustus:	Groepsgesprek - Gr7 afsonderlik
Vrydag 11 Augustus:	Groepsgesprek – Gr6 afsonderlik

SNUFFELS

Villa Avianto bied op 9 Augustus, Vrouedag, weer die **Franse Mark** in Kwaggafontein. Die Mark begin met die **Spice Walk** van 5km vir die hele gesin om 08:00 vanaf Villa Avianto – fontein.
Die **Franse Mark** begin amptelik 08:30 en hou aan tot 15:00.
Toegang: R20 p.p., R10 vir kinders onder 12 jaar, gratis vir kinders onder 6 jaar. *Vir meer ingligting, skakel 083 329 4872.*

SNUFFELS

BULTFONTEIN BOERTJIEFEES 31 AUG – 2 SEPT 2017
Kom geniet die plattelandse gasvryheid tydens die jaarlikse Boertjiefees te Bultfontein vanaf 31 Augustus – 2 September 2017 Spesiale gesinspakkette teen R500 is verkrygbaar vir 2 volwassenes en 2 skoolgaande kinders (7 – 18 jaar) wat u toegang tot die fees en alle vertonings gee vir die duur van die fees. Toegang vir kinders 0 – 6 jaar is gratis.

Besoek die webwerf www.bultfonteinboertjiefees.co.za. Gaan na die "menu"(Ξ) regs bokant die "facebook" merker en kies "Hoogtepunte" vir volledige inligting oor die fees. Verskeie kunstenaars, bulletjierugby, pienkhandjienetbal, ±150 uitstallers, verskeie kompetisies, damesprogramme, sokkie, vermaak vir oud en jonk, ens is te sien.

Kontak Johan du Preez by 082 200 9349 **of** jmdup53@gmail.com vir die bespreking van u pakkette. Hy sal dit by u kind se skool aflewer.

NG KERK LANGENHOVENPARK BASAAR

Datum: Woensdag 9 Aug
Waar: Boeremarkterrein
Tyd: 09h00

Kom koop vleis, koeke, beskuit, lekkergoed, poeding, heerlike kos en vele meer.

BENNIE'S MOBILE SERVICE GARAGE

VIR DIE HERSTEL VAN ALLE VOERTUIE, MOTORFIETSE OF QUADS.

EK SPESIALISEER IN:

MITSHIBUSHI, ALFA, FIAT EN NISSAN VOERTUIE.

SKAKEL BENNIE BY 082 493 1785

PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com

PRIMêRE SKOOL UNIVERSITAS
TOETSROOSTER:

14 AUG 2017 – 21 AUG 2017

DATUM	GRAAD 4	GRAAD 5	GRAAD 6	GRAAD 7
14 AUG MAANDAG	NW	NW	NW	NW/TEG
15 AUG DINSDAG	ENG	ENG	ENG	ENG
16 AUG WOENSDAG	SW	SW	SW	SW
17 AUG DONDERDAG	AFR	AFR	AFR	AFR
18 AUG VRYDAG	WISK	WISK	WISK	WISK
21 AUG MAANDAG				EBW

PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com

Hoe werk die Kaalvoetkafeekaart

Elke kaart het ‘n unieke nommer en is gekoppel aan ‘n kind en sy foto. Dus kan slegs die leerder met sy eie kaart kom koop.

Dit is ‘n debietkaart en ‘n leerling kan slegs aankope doen terwyl daar beskikbare fondse op die kaart is. Dit werk so:

1. Ouers betaal geld in die snoepie bankrekening in (Sien bankbesonderhede onder) As ‘n vergunning kan u nog vir Augustus kontant by die kantoor inbetaal, maar vanaf 1 Sept verkies ons dat u per EFT geld deponeer. Die hantering van kontant het vele risiko’s en administratiewe rompslomp.

2. U kan ‘n limiet per week op die kaart vasstel. Bv, gestel u betaal R200 in vir die maand en wil u kind beperk tot R50 per week, kan u dit net op die aansoekvorm spesifiseer, en dit word so op die stelsel gelaai. Sodra u kind sy R50 spandeer het, sal die kaart ‘n betaling weier en hy/sy kan eers weer die volgende week koop.

3. Bestellings vir etes teen langpouse of na skool kan daagliks teen kortpouse by die snoepie gedoen word. Hulle meld net by die bestellingsvenster aan waar ‘n prefek dit in ‘n boek aanteken. Vir u gerief sal ons ook ‘n bestellingsvorm teen middel Augustus beskikbaar stel sodat u dan elektronies bestellings kan plaas. Ons moedig vooraf bestellings aan sodat ons die etes vooraf kan regkry en die leerlinge gouer kan help.

4. U kan ons enige tyd tussen 08:00 en 15:30 kontak vir ‘n navraag oor u kind se kaart of ander inligting.

5. So werk inbetalings na u kind se Kaalvoetkafeekaart:

Ons verkies dat u die EFT metode gebruik omdat dit veiliger is en albei partye elektroniese rekord het van die inbetaling.

Bankbesonderhede:

Rekening naam:	Primêre Skool Universitas (Kaalvoetkafee)
Bank:	FNB
Rekening:	Lopende rekening
Takkode:	230234
Rek no:	62712858763
Verwysing:	Leerder se naam, van & Kaartnommer (NB!!!)

PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com

Baie belangrik: Stuur asb ‘n whatsapp boodskap na ons snoepienommer (0609862981) om ons in kennis te stel van die betaling. Bv Pieter Smit 1A, Kaartnr 14596 en bedrag R200. Dan kan ons dit dadelik op die stelsel laai sodra dit op die bankstaat verskyn.

NB!!! Indien u ‘n bank-sms stuur, kom die boodskap by ons uit met die ouer (bankrekeninghouer) se voorletters en van en weet ons nie wie die kind en watter kaart dit is nie.

Neem asb kennis:

1. Die Beheerliggaam is die eienaar van die snoepie en alle winste gaan vir die skool.

2. Die huidige snoepie se selnr is ook die privaatnommer van me Mechelle Meyer, ons bestuurder. Ons is in die proses om vir die Kaalvoetkafee sy eie kontrak uit te neem. Sodra dit gefinaliseer is, gee ons vir u die regte nommer.

3. Enige wenke en/of aanbevelings kan aan me Meyer of mnr Johannes Kriel, voorsitter vd Finansiële komitee, deurgegee word.

Ons hoop dat u en u kind gaan die Kaalvoetkafee baie geniet en dat ons tot u diens sal wees.

Vriendelike groete

Willie Burger

Voorsitter vd Beheerliggaam

2017-08-03

PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com

PRIMÊRE SKOOL UNIVERSITAS

Méchelle Meyer (Bestuurder) epos: kaalvoetkafee@gmail.com selnr: 0609862981

*Die **Kaalvoetkafeekaart** is nie net gerieflik en veilig nie, maar leer jou kind vroeg-vroeg om kaartslim te werk!*
Ma en pa kan weeklikse limiete op die kaart plaas om aankope beter te bestuur - veral vir die kleinspan.
Ons intree aanbod vir die kaarte is R20 wat u saam met die bestelvorm skool toe stuur. Vanaf 1 Sept is die kaarte R40
U sal eers wanneer u die kaart ontvang het, geld kan deponeer aangesien u die kaartnr benodig. Intussen kan u kind nog kontant koop. Wanneer u kind 'n kaart het verkies ons dat u geld per EFT inbetaal en nie kontant skool toe stuur nie agv die gevare en administratiewe rompslomp hiervan.

Aansoekvorm vir die Kaalvoetkafee debietkaart

Datum v aansoek: _____

Ouerbesonderhede

Ma / voog (naam en van): _____ Selnommer (ma): _____

Epos adres (ma): _____

Pa / voog (naam en van): _____ Selnommer (pa): _____

Epos adres (pa): _____

Ander boeties/sussies in Tjokkies (Naam en graad): _____

_____

Leerderbesonderhede

Leerder naam en van: _____ Klas (bv 3A): _____

Registrasiefooi: R20-00

Weeklikse limiet R _____ (Beperk weeklikse aankope tot dié bedrag)

Bedrag wat u inbetaal R _____ ☐ Kontant by skool (net tot 1 Sept, daarna per EFT)

☐ EFT Deposito by bank

NB!! Verwysing: Kind se naam en van & kaartnommer.
Whatsapp asb bewys van betaling om te verseker die inbtaling

word dadelik op u kind se kaart gelaai.

Snoepie selfoon: 0609862981

Snoepie e-posadres: kaalvoetkafee@gmail.com

Spesiale versoeke of notas vir kennisname:

_____

Bankbesonderhede:

Bank:	FNB
Rekeningnaam:	Primêre Skool Universitas: Kaalvoetkafee
Rekeningnommer:	62712858763
Takkode:	230234
Verwysing:	Kaartnommer, kind se naam en van